

Woensdag 1 April

Skrifgedeelte: Matteus 4:12-17

Fokusgedeelte: Matteus 4:17

Jesus se eerste preek: Bekeer julle, want die koninkryk is naby!

Jesus se intrepreek word ook sy aanvangsproklamasie genoem. Hy proklameer dat die koninkryk van die hemel naby is. Met die koninkryk van die hemel (Matteus) of die koninkryk van God (Markus en Lukas) word veral bedoel dat God Koning is en regeer. Maar die koninkryk is nog nie hier nie! Dit is naby! So leer Jesus ons dan ook bid: "Laat U koninkryk kom!"

Maar God is dan nog altyd Koning! Dit is waar. God is ons ewige Koning. Sy koninkryk is egter nog nie volledig en volmaak hier nie. Dit is omdat daar 'n teë-koning is, die duiwel. Hy wil in God se plek koning wees. Ná sy opstand en die sondeval van die mens eis hy die wêreld vir homself op. Hy matig homself die posisie aan van "owerste van hierdie wêreld" (Joh. 14:30). Hy verlei mense om voor hom te buig. Om die wêreld weer volledig onder sy heerskappy te stel, stuur God sy Seun na hierdie wêreld. Hy moet herstel en nuut maak wat die sonde en Satan gebreek en verniel het.

Hy begin met die mens. Die mens word opgeroep: Bekeer jou. Dit beteken: draai om, keer terug na die Here, buig in gehoorsaamheid voor Hom en dien Hom onvoorwaardelik. Stry teen die sonde en die duiwel en sy magte.

Die oproep kom daagliks ook tot ons. Die koninkryk van God is nog nie volledig hier nie. Ons sien maar min mense wat buig voor God as Koning. Ons merk nie veel van God se koningsheerskappy op in die wêreld nie, eerder opstand en wetteloosheid.

Daarom moet ons elke dag in gehoorsaamheid God as Koning dien en teen die vyande van sy koninkryk stry. Ons doen dit as oorwinnaars in Christus en in verwagting van die volmaakte koms van sy koninkryk.

Sing: Psalm 145-1:1, 8

Ds. AL Pelsner (Abrie) (Bethlehem)